

ELEKTRO OPTICS

**SIGSAUER®**



# SIERRA3BDX®

RIGKYKER MET BALLISTIC DATA XCHANGE™

## INHOUDSOPGAWE

Inleiding .....	2
Kenmerke .....	2
Inhoud .....	2
Produktidentifikasie .....	2
Bediening .....	2
Verligting Helderheidsvlak .....	2
Visier verstellings .....	3
Veelgestelde vrae (FAQ) .....	5
Instandhouding .....	5
Probleemoplossing .....	5
SIG SAUER® Electro-Optics Infinite Guarantee™ .....	6
SIG SAUER Electronic & Tritium Component Beperkte 5-Jaar Waarborg .....	6

Hierdie handleiding is beskikbaar in die volgende tale: Frans, Spaans, Duits, Italiaans, Portugees, Russies, Afrikaans, Sweeds en Noors. Besoek asseblief sigsauer.com om Eenaarshandleidings af te laai,

## INLEIDING

SIG SAUER vereis die beste van hulle produkte. Die SIERRA3BDX®-reeks is geen uitsondering nie. Met maksimum ligtransmissie en optiese helderheid, is die SIERRA3BDX-rigkyker gebou om die uitdagings te hanteer waarmee die moderne skut en jagter te kampe het.

## SIERRA3BDX-KENMERKE

- › BDX™ Ballistic Data Xchange. 'n Afstandmeter en rigkyker stelsel wat gebruik maak van ballistics, omgewingstoestande en Bluetooth® om die presiese oorhou kol te verlig.
- › MOTAC™ (beweging geaktiveerde verligting)
- › Digital Focal Plane™, kombineer Tweede Fokus Vlak stadias, om die OLED verligte balistiese oorhou kol, outomatiese in verhouding met zoom, aan die teiken oor te dra teen enige vergrotingsvlak.
- › SpectraCoat™ ultra-wye breë-band anti-weerkaatsing-lensbedekking
- › KinETHIC™ kinetiese energie oordrag aanwyser. KinETHIC wys wanneer energie op die teiken benede 'n drumpel sak wat deur die jagter gestel kan word met die SIG BDX Toepassing.
- › LEVELPLEX™ Digital Anti-Cant System
- › Betroubaar om waterdig (IPX-7 gradering vir algehele onderdompeling tot op 1m) en wasem bestand te wees.
- › Die SIERRA3BDX is gedek deur die SIG SAUER's INFINITE Guarantee™-waarborg en die Electronics Limited Warranty - waarborg, sien webwerf vir volle besonderhede.


## INHOUD:

- › Rigkyker
- › Twee (2) CR2032 Battery's
- › Opstel-gids

## PRODUKTIDENTIFIKASIE

- A** Objectiewe Lens
- B** Hoofbuis
- C** Batteryluikdeksel
- D** Verligting Krag-selekteerring / Paralax Verstellersring (gesekteerde modelle).

- E** Hoogte aanwyser
- F** Wind aanwyser
- G** Krag-selekteerring
- H** Bluetooth® kommunikasie LED Indikator
- I** Diopter Verstel ring
- J** Oculêre Lens



## ⚠ WAARSKUWING

Voordat u met u SIERRA3BDX rigkyker werk, verseker altyd eers dat die vuurwapen nie gelaai is nie en dat die veiligheidsknip aan is.


## BEDIENING

### Hoe om die Battery te installeer

SIERRA3BDX rigkykers benodig twee (2) CR2032 batterye. Om die batterye te installeer, maak die batteryluikdeksel wat aan die linkerkant van die rigkyker sit, los. Plaas altyd die batterye in die batteryluik met die pluskante wat na binne wys. Plaas die batteryluik se deksel terug en maak dit vas. Maak die deksel slegs met die vingers vas.

## VERLIGTING-HELDERHEIDSVLAK.

- › Selekteer die verligting-helderheidsvlak wat die beste met u toestande pas
- › Hoër kragstellings, soos aangedui deur groter getalle, is beter geskik vir helderder ligtoestande
- › Laer kragstellings, wat aangedui word deur kleiner getalle, is beter vir laeligtoestande



## MONTERING VAN DIE RIGKYKER

Kies ringe en basisse wat ooreenstem met u vuurwapenaksies en met die deursnee van u rigkyker se hoofbuis. Om 'n gemaklike wangrus te verseker, monteer altyd u rigkyker met die laagste moontlike ringhoogte. Maak seker dat daar geen belemmering met die bewegende dele van u vuurwapen is nie.

### Stel behoorlike oogverligting

Maak die rigkyker se ringe effens los en posisioneer die rigkyker so ver voorentoe as wat die montering toelaat. Vir verstelbare krag-rigkykers, selekteer die hoogste moontlike krag. Monteer die geweer in 'n gemaklike en herhaalbare, natuurlike posisie. Verstel

die posisie van die rigkyker agtertoe totdat u die maksimum gesigsveld in u rigkyker het.

### Gelykmaking van die rigkyker.

LevelPlex kan gebruik word as 'n monteerhulp. Maak seker dat u vuurwapen gelyk is en aktiveer die LevelPlex. Wanneer die aanwysers toon dat die rigkyker gelyk is, maak die ringe vas o die geskikte wringkrug.


## EFFENSE VERSTELLINGS

### Hoe om die kruisdrade met die diopter te fokus

Mik die rigkyker na 'n ligte voorwerp om die maksimum kontras met die kruisdrade te verkry. Draai die diopter totdat die kruisdrade in fokus kom.

### Hoe om die krag te verstel

SIERRA3BDX-rigkyker het verstelbare krag. Om die kraginstelling te verhoog, draai die kragselekteer-ring kloksgewys. Draai die kragselekteerring totdat die beeld vergroot is tot op die verlangde afstand.



### Geweerloop-visierinstelling.

Met die geweer in 'n stewige rus, verwyder die slot uit die geweer (vir AR-styl-gewere, verwyder die boonste van die onderste geweermontrasie en verwyder dan die slot). Kyk deur die geweerloop van agter en mik dit so dat u teiken in die middel is. Sonder om die loop van posisie te verskuif, gebruik die hoogte- en windinvloed-verstellings van u rigkyker se kruisdrade sodat dit ook in die middel van die teiken is.

### Parallaks-verstelling.

Wanneer u rigkyker gebruik word vir langer-afstand teikens, word parallaks meer opmerkbaar. Dit kan gesien word wanneer dit lyk asof u kruisdrade afsonderlik beweeg van die teiken as jou kop/oog van kant tot kant beweeg. Om dit te reg te stel, draai die parallaksring kloksgewys vir langer afstande. Draai die ring totdat die parallaks gekorrigeer is.

\*Sekere modelle bied verstelling op die linkerkant van die skietting aan.

### Trefpunt (POI) regstellings

**Dit word voorgestel, maar nie vereis nie, om 'n 100 jaart/ meter nulpunt te gebruik. Dit sal tipiesgewys die meeste van u trefpunte onder die horisontale draad van die kruisdrade sit. Dit verseker dat die BDX-stelsel die mees akkurate oorhou vir u kan voorsien.**

Trefpunt (POI)-regstelling behoort gedoen te word deur die middelpunt te gebruik van drie skote. As u nie 'n konstante groep van drie skote kan bereik nie, sal u verdere probleemoplossing op die geweer moet doen.

As u trefpunt (POI) links van u mikpunt (POA) is, dan het u nodig om die windinvloed na regs te verstel. Die waarde van elke klik is gemerk op u rigkyker. Om die trefpunt (POI) na regs te skuif moet u die windinvloedstorinkie antikloksgewys draai. Om die trefpunt(POI) na links te skuif, draai die windinvloed-torinkie kloksgewys.

As u trefpunt(POI) onder die mikpunt(POA) is, dan het u nodig om die hoogte op te verstel. Die waarde van elke klik is gemerk op u rigkyker. Om u trefpunt(POI) op te beweeg sal u die hoogte-

torinkie anti-kloksgewys moet draai. Om die trefpunt (POI) af te beweeg, draai die hoogtetorinkie kloksgewys.

Die doel van hierdie verstellings is sodat u trefpunt (POI) kan ooreenstem met u mikpunt (POA). U sal windinvloed of hoogte moet verstel om dit te bereik.

### Hoe om u nulpunt te herstel - SIERRA3BDX3


Om tot nulpunt te herstel op die windinvloed sowel as die hoogtwysers op u SIERRA3BDX-rigkyker, maak die 2 mm seskantige skroef wat bo-op die wyser is, los, stel die wyser op nulpunt en maak weer die skroef vas tot vingersterkte. Wees versigtig om nie die wyser te draai gedurende die vasmaakproses nie. Sit weer die verstellingwyser se dop terug.

## DIGITAL BALLISTICS XCHANGE – HOE OM DIE GRATIS BDX-TOEPASSING AF TE LAAI EN OP TE STEL

In hierdie afdeling sal u die BDX-toepassing aflaai, dit koppel met u SIERRA en 'n pasmaakkoeëlprofiel skep.


### 1. Skakel Bluetooth aan

Kyk in die Instellings op u Android of iOS-toestel om seker te maak dat Bluetooth aan is. As die Bluetooth af is, skakel dit aan.



### 2. Laai die BDX-toepassing van die App Store/Google Play Store

Gaan na die App Store of die Google Play store en laai die SIG SAUER BDX-toepassing af. Soek na die woord SIG SAUER of BDX.




### 3. Maak die gratis SIG SAUER BDX-toepassing oop en koppel dit met u SIERRA.

Op u slimfoon, maak die BDX-toepassing oop, klik op 'PAIRING', skakel u SIERRA aan deur die verligting-helderheidstelling te draai na enige posisie en druk dan "Scan for Device" op die toepassing. U SIERRA behoort gelys te wees onder die SIERRA-ikoon en "Select Device" U visier ID behoort gelys te wees in wit letters. Raak aan die ID in wit.




U sal gevra word om die verligting-helderheidstelling na 'n nuwe posisie te verskuif. Sodra dit klaar is, druk OK om die koppeling

klaar te maak. U sal nou u SIERRA ID in blou gelys sien onder die SIERRA-ikoon. U kan nou by hierdie skerm uitgaan. Indien u die verkeerde PIN-kode ingevoer het, kan u hierdie proses weer oordoen. As u enige probleme ondervind gedurende hierdie proses, maak toe die toepassing en laat SIERRA uit tyd uittel; begin dan weer die proses oor.




**3a. Bywerking van u SIERRA na die nuutste sagteware gedurende koppeling.**

U mag dalk gevra word om die sagteware op u SIERRA by te werk. Hierdie sagtewarebywerkings is verpligtend en help SIG SAUER om te verseker dat u BDX-toepassing en SIERRA optimaal funksioneer. Die meeste bywerkings neem minder as 1 minuut. Maak seker dat u SIERRA aangeskakel is en dat u slimfoon ten minste 25% batterykrag het voordat u enige sagtewarebywerkings installeer. Hou u slimfoon aktief tydens die hele installeerproses om die beste resultaat te kry.




**4. Stel tot 25 gepasmaakte koeëlprofile op**

Die BDX-toepassing stel u in staat om tot 25 profile op te stel en te wysig. Tik op PROFILES op die tuisskerm. Sleg een profiel kan op n gegewe tyd aktief wees en word aangedui deur die blou BDX-ikoon aan die regterkant van die skerm. Die BDX-toepassing kom saam met een verstek-0.308-profiel. U kan hierdie profiel wysig deur op "Profile 1" te tik of 'n nuwe een skep deur op "New Profile" bo in die regterhoek van die toepassing te tik. Tik dan op LIBRARY om 'n kaliber en koeëlvervaardiger te kies. Op die Gun Profiles-bladsy kan u die profiel hernoem deur op "Custom Gun 1" te tik en 'n nuwe naam in te tik.




Nadat u 'n koeëlvervaardiger gekies het, kies die eintlike koeël wat u wil gebruik. Sodra u dit gekies het, sal u na die Gun Profile-bladsy terugkeer waar u op die sinkroniseer-knoppie aan regterkant moet klik om hierdie profiel te aktiveer. In hierdie voorbeeld word die nuwe profiel ".223 SIERRA" genoem - maak seker dat u hierdie profiel aktiveer.



**HOE OM U SIERRA3BDX RIGKYKER OP TE STEL.**

Sodra u die SIERRA3BDX gekoppel het met u toepassing, kan u in die SIGHTS bladsy u rigkyker opstel. In die boonste regterkantste hoek van die 'SIGHTS'-bladsy is die 'settings'-ikoon SIERRA3BDX-Instellingsopsies (by verstek in VETDRUK).



**LevelPlex**

Af, **Outo** (Nie beskikbaar in Ballistic Reticle Modus nie), 0.5, 1.0, 2.0, 3.0

Dit verstel die sensitiviteit van u LevelPlex aanwysers. As u gekoppel is aan 'n BDX astandmeter en in Outo modus is sal u LevelPlex aanwysers varieer gebaseer op die afstand wat gemeet word. Hierdie laat toe vir minder sensitiviteit by korter afstand en meer sensitiviteit by langer afstand waar presisie meer belangrik is.

**MOTAC uit tyd uit**

Af, 1 Min, 2 Min, **5 Min**, 10 Min

MOTAC sal u visier afskakel as u visier bewegingloos is vir hierdie tydperk. MOTAC is baie sensitief so u visier moet absoluut stil wees om MOTAC te aktiveer.

**Hard uitteldyd**

Af, **30 Min**, 60 Min, 2 Ure, 4 Ure, 8 Ure

Die harde Uit tyd uit instelling sal u visier afskakel na hierdie tydperk. Enige verandering aan die Verligting helderheidsstelling of krag-selekteer vergrotingsvlak sal die visier weer aanskakel.

**Battery Spaar Modus**

**Af**, Aan

Die BDX stelsel bly ten volle funksioneel wet kruisdrade bywerking aangedui in die afstandmeter deur 'n flikkerende Bluetooth simbool en met 'n kruisdraad animasie in die visier. Slegs die blou LED word afgeskakel in die battery spaar modus.

**Ballistiese Kruisdraad Modus**

**Af**, Aan

Hierdie verwissel u ballistiese kruisdrade met veelvuldige oorhou kolle aan of af. U sal die ballistiese kruisdrade moet opstel vanuit die visier bladsy.

**Wind Oorhou**

Af, **Simetries**, Rigtinggewend

Wind oorhou is slegs beskikbaar as u gekoppel is aan 'n BDX afstandmeter. Hierdie wind oorhou sal ooreenstem met die wind waardes wat geselekteer is vir u BDX afstandmeter op die afstandmeter bladsy. Die simmetriese opsie sal u byde die links en regs wind oorhou aangee as u in veranderende toestande of veranderende rigtings skiet. Hou altyd in die wind in. 'n Rigtinggewende wind oorhou gee u slegs die waarde van die rigting wat gekies is aan op die afstandmeterbladsy.

**KinETHIC Stelling**

**Af**, Energie, Snelheid

KinETHIC sal aandui of u terminale ballistiek laer as u gekose drumpel is. As u kies om energie as die drumpel te stel en u koël is laer as daardie drumpel vir die afstand wat gemeet is sal u SIERRA3BDX oorhoupunt twee keer flikker en dan solied aan bly vir 2 sekondes.

**Let wel:** As u ballistiese oorhou kol vinnig flikker onder aan die kruisdrade beteken dit dat die ware oorhou buite die gesigsveld van die kruisdrade is. Verminder die vergrotingsvlak van die rigkyker Soos die ballistiese oorhou kol in u gesigsveld inbewege sal dit solied aankom. Tydens ABU gebruik sal u BDX stelsel slegs ballistiese oplossings bied tot 800 jaart en nader. In ABE/ABX-modus kan u die BDX-stelsel koppel met eksterne ballistiese rekenaars wat oplossings bied vir verder as 800 jaart.

**BDX-R1 Digitale Ballistiese Kruisdrade**

As u nie 'n SIG SAUER BDX afstandsmeter gebruik nie kan u kies om u rigkyker op te stel met aanpasbare Digitale Ballistiese Kruisdraadvisier (DBR). U kan u eie bekende waardes insit of 'n aanpasbare kruisdraadvisier gebruik via die BDX toepassing.

Om die DBR aan te skakel, druk op die DBR 'ON/OFF knoppie op die visiere bladsy.

U het die keuse om die vaste waardes te gebruik of ballistiese waardes. As u vaste waardes verkies kan u die verlangde oorhou waardes in MILS of MOA invoer. U het die vermoë om tot 8 oorhou kolle te verlig. As u verkies om ballistiese waardes besluit, kan u tot 8 verskillende afstande verlig. Hierdie afstande kan in beide meters of jarts wees. Die vermeerderingseenheid is by verstek 100 jaart. Om hierdie vermeerderings te verander, tik op die vermeerderingseenheid wat u verlang om die waardes te verander en u nuwe waardes in te voer. U kan elke oorhou aan en af skakel. Die ballistiek vir hierdie oorhoue stem ooreen met die geweerprofiel wat u gekies het om aktief te wees.

Dit word hoogs aanbeveel dat u die oorhou verifieer vir die verste afstand wat beoog om te skiet.


AAs u nie die SIG SAUER afstandmeter gebruik nie kan u kies om u rigkyker op te stel met 'n aanpasbare Digitale Ballistiese Kruisdraadvisier (DBR) U kan u eie bekende ballistiese oorhou insit of 'n aanpasbare kruisdraadvisier gebruik via die BDX toepassing.

**Trompsnelheid kalibrasie.**

Om die trompsnelheid te kalibreer in die 'sights' badsy klik op die "Calibrate Ballistic Reticle" knoppie in die boonste regterhandse hoek van die 'sights' bladsy. Volg die aanhitsings op die skerm.

**Let wel** - die afstand waarop u die trompsnelheid moet kalibreer moet 300 jaart of meer wees. Die vërste oorhou wat aangeskakel is sal die afstand wees wat die toepassing sal gebruik.

As u op 400 jaart gaan skiet, skakel alle ander langer afstande af.

**VEELGESTELDE VRAE (FAQ):****V: My oorhou kol flikker.**

A: As u oorhou kol twee keer flikker en dan vir 2 sekondes aan bly, beteken dit dat u KinETHIC drumpel geaktiveer is. As u oorhou kol aanhoudend vinnig flikker beteken dit dat u ware oorhou buite die gesigsveld van die kruisdraad visier is. Verminder die rigkyker se vergrotingsvlak totdat die oorhou kol konstant aan is.

**V: My toepassing kan nie my SIERRA3BDX vind nie.**

A: Maak seker dat u SIERRA3BDX aangeskakel is en dat u batteryluik deksel stewig vas gemaak is. Maak seker dat die Bluetooth aangeskakel is op u iOS/Android toestel. Maak seker dat u SIERRA3BDX nie gekoppel is aan enige ander toestel nie.

**V: My afstandmeter wil nie kommunikeer met my SIERRA3BDX nie.**

A: Skakel 'Ballistic Reticle' AF in die 'sight settings', stel dan die afstandmeter oor na ABU modus in die afstandmeter instellings.

**ONDERHOUD**

U SIG SAUER rigkyker benodig baie lae onderhoud.

- › As u rigkyker uitgekome het met doppies vir die steltorinkies, maak seker dat hulle geïnstalleer wanner u nie wind of hoogte verstellings maak nie.
- › Maak seker dat u die verligtingskontrolle na een van die afposisies draai wanneer dit nie in gebruik is nie.
- › As die battery vir die verligte kruisdraadvisier dood is, vervang dit deur die batteryluikdeksel antikloksgewys te draai. Vervang die battery met nuwe CR2032 battery met die positiewe kant wat na binne wys.
- › Hou u lense skoon deur 'n sagte lap af lens pen te gebruik. Die beste manier om beeld kwaliteit te behou is deur u lense vry van stof en vules te hou wat krappe veroorsaak.

## PROBLEEMOPLOSSING.

### Trefpunt(POI) verander tussen groepe.

- › Maak seker dat u monterings vas gemaak is tot op die korrekte wringkragspesifikasies.
- › Gaan na/ maak geweer skoon.
- › Gaan ammunisie na vir verskille.

### Verligte kruisdraadvisier werk nie.

- › Maak seker dat die batterye korrek geïnstalleer is.
- › Vervang batterye
- › Maak seker dat die verligte krag-selekteerring in die AAN posisie is.



## SIG SAUER ELECTRO-OPTICS INFINITE GUARANTEE™

SIG SAUER vervaardig nou meer as twee eeue lank die duursaamste, betroubaarste vuurwapens met hoëwerkverrigting. Ons erfenis van ontwerp, ingenieurswerk en presisie-vervaardigde kwaliteit kan teruggevoer word tot voor die tyd dat enige ander optika-maatskappy bestaan het. Ons verstaan hoe belangrik kwaliteit in die skootslyn, by die skietbaan of tydens u volgende jag is. SIG SAUER Electro-Optics het die reg verdien om daardie onderskeiding te ontvang, en u kan op die Ewigdurende Waarborg vertrou – vir ewig. Dis 'n belofte.

Ons sal u SIG SAUER-produk kosteloos vervang of herstel ingeval dit beskadig word of 'n defek het. Indien ons nie u produk kan herstel nie, sal ons dit vervang met 'n produk wat in volle werkende toestand is of gelykstaande daaraan is of in beter fisiese toestand is. Dit maak nie saak hoe dit gebeur het, wie se skuld dit was of waar u dit gekoop het nie.

### SIG SAUER Infinite Guarantee™

- › Onbeperkte lewenslange waarborg
- › Heeltemal oordraagbaar
- › Geen waarborg-kaart word vereis nie
- › Geen kwitansie word vereis nie
- › Geen tydlimiet van toepassing nie
- › Geen koste nie

Indien u ooit 'n probleem het, ongeag die oorsaak, ons belowe om u te help wanneer u dit nodig het. Let asseblief op dat ons Ewigdurende Waarborg nie dekking bied vir opsetlike skade, misbruik, kosmetiese skade wat nie die werking van die optika raak, verlies, diefstal of ongemagtigde herstelwerk of wysiging nie. Sluit nie elektroniese komponente in nie.



## SIG SAUER ELECTRONIESE & TRITIUM-KOMPONENT BEPERKTE 5-JAAR-WAARBORG

Vir komponente wat nie onder die SIG SAUER® Infinite Guarantee™ ingesluit word nie, dek hierdie waarborg enige defekte in die materiaal en werkmanskap in die elektroniese en Tritium-komponente van verligte teleskoopvisiere/visiere, pistoolvisiere, elektroniese visiere, flitsligte, lasers, verkykers,

opspoorteleskope en afstandsmeters. Hierdie waarborg duur vyf jaar vanaf die vervaardigingsdatum. Indien daar bevind word dat hierdie produkte gedurende daardie periode van vyf jaar defekte in die elektroniese of Tritium-komponente van die materiaal of werkmanskap het, sal SIG SAUER u produk kosteloos herstel. Indien ons nie u produk kan herstel nie, sal ons dit vervang met 'n produk wat in volle werkende toestand is of gelykstaande daaraan is of in beter fisiese toestand is.

